## Oefening 2

**Kies die BYWOORD VAN TYD uit die onderstaande lys om die sinne korrek te voltooi.**
**soggens, saans, binnekort, dadelik, daagliks, gister, skielik, altyd, nooit, betyds, heelaand, vroeër, soms, later**

2.1 Fatiema het __________ studeer, daarom is sy vandag so vaak.
2.2 Jasmin moet __________ gaan slaap sodat sy nie so moeg in die oggend is nie.
2.3 Daar begin __________ ’n nuwe TV-reeks op televisie.
2.4 Pat gaan __________ draf sodra die son opkom.
2.5 Lola is vandag in die moeilikheid omdat sy nie __________ haar huiswerk gedoen het nie.
2.6 Shamiegha is baie lui, want sy maak __________ haar kamer netjies nie.
2.7 Johan se ouers is baie ondersteunend, want hulle is __________ daar vir hom.
2.8 Joanney is nie ’n soettand nie, maar sy eet __________ ’n sjokolade.
2.9 ’n Mens moet __________ ’n goeie ontbyt eet sodat jy nie honger raak deur die dag nie.
2.10 Klein kindertjies moet __________ teen 20:00 in die bed wees.
2.11 James moet __________ na die skoolhoof se kantoor gaan nadat hy skelm in die badkamer gerook het.
2.12 Daar is __________ ’n geraas by die venster wat almal laat skrik.
2.13 Op ’n Maandag is die skooldag langer; dan kom die skool __________ uit as gewoonlik.
2.14 Adam hoef nie vandag vir die trein te wag nie, want die trein is __________.
2.15 My pa geniet dit om __________ voor werk na die gimnasium te gaan.
2.16 Mandy skrik vir die hond wat __________ langs haar blaf.

## Oefening 3

**Kies die BYWOORD VAN PLEK om die onderstaande sinne korrek te voltooi.**
**naby, ver, iewers, binne, buite, tuis, nêrens, voor, agter, oral, hiernatoe, daar**

3.1 My beste vriendin bly __________ my, want haar huis is net om die draai.
3.2 Phil het __________ na sy skoene gesoek, maar hy kry dit nie.
3.3 My ouma-hulle woon __________ van ons af, want hulle woon in ’n ander provinsie as ons.
3.4 Ek kan my selfoon wat ek verloor het __________ kry nie.
3.5 Die bal is nie hier binne nie, jy moet dit __________ soek.
3.6 Henry-hulle gaan nie oor Kersfees weg nie, hulle bly __________.
3.7 Dit lyk of Alice die wedloop gaan wen, want sy hardloop heel __________.
3.8 Die honde mag nie bedags in die huis kom nie, hulle moet dan __________ speel.
3.9 In die winter bly ons meestal __________ in die huis omdat dit so koud is.
3.10 Ek het my boeke __________ neergesit, maar ek is nie seker waar nie.
3.11 Drikus laai die stoele en tafel __________ op die bakkie.
3.12 Thandeka kon __________ ’n rok kry wat haar pas nie.
3.13 Die kinders speel graag pouse sokker __________ op die gras.
3.14 Ek wens daar is __________ iemand wat my kan help.
3.15 Julle moet almal __________ kom, want hier is lekker botterbroodjies en tee.
3.16 Meshack staan __________ in die ry, want hy gaan eerste op die verhoog stap.